

# Salige Dina Bélanger

## 4 September

(1897-1929)

Hierdie moderne heilige se hele lewe kan as ’n lofsang en danklied aan die Here beskryf word. Sy was die enigste kind uit ’n gegoede familie met uitsonderlike talente, veral wat musiek betref, en sy kon waarskynlik ’n briljante loopbaan as konsertpianis gehad het. In 1929 tree sy egter in by die klooster van Jesus en Maria in Sillery, Quebec, Kanada. Soos sy dit gestel het wou sy die res van haar aardse lewe: *“Jesus liefhê en almal oortuig om Hom lief te hê.”* Haar liefde vir die Eucharistie was besonders en sy het altyd gesê: *“As mense maar net geweet het watter kosbare skat ons in die Heilige Eucharistie het, sou ons letterlik al die tabernakels in ons kerke moes versterk en toesluit soos die skares dag en nag sou toestroom om die Brood van die Engele te eet.”*

© Die Oratorium Uitgewery